

Staatsgedenkdiens vir wyle voormalige President FW de Klerk in die Groote Kerk: 12 Desember 2021

Die Staat het ons op 24 November 2021 skriftelik versoek om die Groote Kerk beskikbaar te stel vir 'n gedenkdiens vir wyle voormalige President FW de Klerk. Die kerkraad het hierdie versoek toegestaan en die diens sal dus op Sondag 12 Desember 2021 plaasvind. Die diens sal deur die Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad Thabo Makgoba gelei word.

Ons verwelkom die De Klerk familie, geloofsleiers, gaste en die Staat in ons gebou, en wil graag ons meegevoel met die De Klerk familie betoon. Ons het ook terselfdertyd diep begrip en sensitiwiteit vir die gesprekke wat rondom wyle voormalige President de Klerk se dood in die land opgevlam het.

Die aard van hierdie gesprekke en die emosie daarby betrokke is vir ons, en vir alle Suid Afrikaners, 'n belangrike aanduiding van die diep gesetelde verwondheid en trauma wat baie in ons land steeds beleef as gevolg van ons geskiedenis van onderdrukking.

Ons hoor en ondersteun ook die oproepe vir geregtigheid van die families van hulle wat met hul lewens betaal het vir vryheid in ons land. Ons weet ook dat ons nie oor versoening kan praat sonder om oor geregtigheid en restitusie te praat nie.

Die nalatenskap van die menseregtevergrype vereis van ons voortgesette en dringende oop en eerlike gesprekke, en ook meegaande aksies wat daarop gerig is om onderlinge begrip en vertroue te bou, en geregtigheid vir slagoffers te bewerkstellig.

Die Groote Kerk Kaapstad bly met diep berou bewus van ons eie aandeel in die historiese onreg en ook ons verantwoordelikheid om aktief mee te werk aan die proses van geregtigheid, restitusie, genesing en herstel. Ons is immers ook vas oortuig dat hierdie soeke na geregtigheid vir almal aan die hart van die versoeningsboodskap van Christus staan. Suid Afrika het baie sosiaal-maatskaplike uitdagings en grootskaalse ongelykheid wat oorbrug moet word indien ons waarlik vrede en 'n hoopvolle toekoms vir alle Suid Afrikaners wil bewerkstellig.

Ons ondersteun daarom ook die oproep van Vader Michael Lapsley wat daarop wys dat *"The death of FW de Klerk provides us with an opportunity for a new national conversation about the deep woundedness in our society and the acknowledgement that apartheid was a crime against humanity."*

Ons stel daarom ook as gemeente ons gebou, ons hulpbronne en onself in diens van gesprekke oor die diepliggende trauma in ons samelewing en ons gesamentlike soeke na herstel.

Ons vra die ekumeniese kerk en die inter-geloofsgemeenskap om op alle vlakke saam te werk om die mense van Suid Afrika hierin te lei.

Ons voorgangers het ons gebring tot waar ons vandag is, en dit is nou ons taak om saam verder te soek na 'n pad van geregtigheid, wat na vrede sal lei. Ons kan niks verander aan die verloop van die geskiedenis nie, en tog kan ons bydrae om die gevolge van die geskiedenis te verander. Daarin het ons almal 'n rol om te speel.

Ons bid vir die krag van liefde om ons nader aan mekaar te trek, vir die waarheid om ons vry te maak, en vir die volheid van vrede vir al die mense van ons mooi Suid Afrika.

Die Kerkraad van die NG Kerk Kaapstad- Groote Kerk

8 Desember 2021